

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 5 SEPTEMBER 2024

1. The House met at 14:15.
2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:16] The Deputy Speaker made a general announcement regarding the logistical arrangements for the sitting taking place.
4. [14:17] The Chief Whip of the Majority Party (Mr G Bosman) moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.  
  
Agreed to.
5. [14:18] The House discussed the following subject in the name of Ms N D Nkondlo.  
  
The opportunity cost related to the neglect of the informal sector for the realisation of inclusive growth and prosperity for all.  
  
Debate concluded.
6. [15:17] Interpellation.
7. [15:34] Questions.
8. [16:37] Statements by Members.
9. [17:01] Response to statements by Members by Mr A W Bredell, Minister of Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning and Mr D J Maynier, Minister of Education.
10. [17:06] Motions with Notice (*in accordance with Standing Rule 151*).  
  
The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.
11. [17:07] Motions without Notice (*in accordance with Standing Rule 150*).

12. Mr D W Jacobs moved without notice: That the House congratulates the South African Paralympic team that is currently taking part in the Paralympics; notes that their hard work, determination and resilience in the face of adversity are truly inspiring; and encourages them to keep on shining and to show the world what true strength and perseverance look like.

Agreed to.

13. Mr F C Christians moved without notice: That the House conveys its condolences to Marinet Janse van Rensburg at the passing away of her son Marlo Janse van Rensburg; notes that Marlo passed away in April 2024, 11 months after it was discovered that he suffered from cancer; notes that Marlo would have celebrated his 6th birthday on 13 August of this year; notes that he had embryonal sarcoma, a type of cancer that develops in the skeleton before birth; notes that, tragically, Marinet was diagnosed with breast cancer shortly after the diagnosis of Marlo; notes that this was a battle that she and her son fought against the disease in both their bodies; notes that the good news that comes out of this tragedy is that Marinet is cancer-free after her treatment; and thanks God for her remission and our thoughts and prayers are with Marinet after her tragic loss.

Agreed to.

14. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Elizabeth van der Heyden, affectionately known as Ma Betty; further notes that Ma Betty was a remarkable figure in our struggle for freedom and justice, being the only female political prisoner to serve a full 10-year prison sentence; notes that she was the last surviving member of the Cape Peninsula Students Union who stood shoulder to shoulder with illustrious comrades such as Neville Alexander, Frank van der Horst and Dulcie September; celebrates the remarkable life marked by her contributions and sacrifices in the fight against apartheid, which deserve the highest recognition and should resonate through the annals of South African history; acknowledges that her death, just days before what would have been her 89th birthday, marks the end of Women's Month on a sombre note; and conveys heartfelt condolences to her family, loved ones and the community she cherished.

Agreed to.

15. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Professor Brian O'Connell, a distinguished academic, a revolutionary intellectual, a community leader and activist whose contributions have profoundly shaped both the Western Cape and our nation; further notes that Professor O'Connell's legacy is one of unwavering commitment to education and community service; notes that his remarkable contributions include his leadership as Rector of the Peninsula Technikon – later known as Cape Peninsula University of Technology (CPUT) – his pivotal role as Director-General of Education in the Western Cape Education Department, and his impactful tenure as Rector of the University of the Western Cape from 2001 to 2014; acknowledges that each of these roles exemplifies his dedication to advancing our educational landscape and his profound influence on shaping the academic and community institutions he served; extends heartfelt condolences to his family, friends and the many communities he touched throughout his life; and celebrates his contributions and honour his legacy of intellectual rigor, community engagement and visionary leadership that will continue to inspire generations to come.

Agreed to.

16. Mr T C R Walters moved without notice: That the House congratulates the First XV rugby team of Paul Roos Gymnasium that has not only topped the South African school rugby tables, but has done so unbeaten, with a sterling 15–0 record; congratulates the players involved with this stunning result, as well as the school’s coaching and support staff; and notes that all of those involved, whether on or off the field, have represented the Western Cape to the highest standard and should be immensely proud of their achievements.

Agreed to.

17. Mr T C R Walters moved without notice: That the House congratulates the Cape Town City Ballet (CTCB) on its 90th anniversary, which was celebrated late last month; notes that the CTCB is the southern hemisphere’s oldest ballet company and has built a glittering reputation over the years as a global force to support the evolution of their art form; notes that, more than this, the company has worked to develop the talents of South African choreographers and performers, delivering a vital platform for South Africa’s best talent to work their way onto the global scene of top-tier ballet; and congratulates the CTCB and wishes it well for the next 90 years.

Agreed to.

18. Ms R Windvogel moved without notice: That the House notes with grave concern the recent protest actions undertaken by security guards employed by Golden Security Services at the Groote Schuur Hospital and the Heideveld Day Hospital, precipitated by ongoing salary payment disputes; further notes that these protest actions have placed the lives of both patients and workers in jeopardy, exacerbated the difficulties faced by hospital staff and caused significant inconvenience to the smooth functioning of these critical healthcare facilities; calls on the Department of Health and Wellness to investigate these issues immediately as a matter of urgency as it is morally unacceptable to exploit labour in this manner, and it is imperative that the Department ensures that all its suppliers adhere to ethical labour practices; further calls on the Department to intervene decisively to assist the affected security guards, to address their grievances and to ensure that Golden Security Services rectifies any deficiencies in their payment practices; and urges the provincial government to hold to account the company Golden Security Services for its failure to meet its contractual and legal obligations to its employees and takes appropriate action to ensure that all its suppliers comply with all relevant labour laws and regulations.

Agreed to.

19. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with deep concern the recent financial and operational crisis faced by Mineral Sands Resources (MSR), which owns the Tormin mine on the West Coast, which has led to a severe cash flow shortage, resulting in the delayed payment of August salaries to employees and placing the mine’s future in jeopardy; further notes the severe impact this crisis has had on the livelihoods of the employees at the Tormin mine, as the inability to pay salaries not only affects the financial stability of workers, but also exacerbates the economic hardship faced by their families; calls for an expedited resolution to the financial difficulties at the Tormin mine, as it is imperative that business rescue practitioners and management work swiftly to stabilise the company’s financial situation to ensure that overdue salaries are paid promptly and to restore normal operations as soon as possible; and, in the light of the gravity of the situation and its potential to affect many jobs and the local economy, calls upon the three spheres of government to intervene and support the business rescue process, and to provide strategic guidance to help the company navigate its crisis while protecting jobs and ensuring the continued operation of the mine.

Agreed to.

20. Ms N D Nkondlo moved without notice: That the House notes with appreciation the recent improvement in the Business Confidence Index, which has risen by three points to reach 38 in the third quarter of 2024, marking the highest level of business confidence since the fourth quarter of 2022; further notes and welcomes this positive development as a sign of improving business conditions and investor optimism in South Africa; and commits to working collaboratively with businesses and policymakers to ensure that the gains in business confidence translate into tangible economic benefits for all sectors of the economy.

Agreed to.

21. Ms A P Bans moved without notice: That the House notes and welcomes the recent development when the South African Police Service (SAPS) successfully confiscated 400 bricks of cocaine worth R252 million from two suspects in Stilbaai, and arrested the suspects, which followed a high-speed chase and a detailed investigation; further notes that the swift response by Stilbaai officers, including the pursuit and apprehension of the suspects and the seizure of such a large quantity of illicit drugs, demonstrates commendable bravery and efficiency, representing a significant blow to the drug trade and highlighting the capability of our SAPS officers; acknowledges the vital role of community support in aiding SAPS efforts and encourages continued public vigilance and cooperation with police operations, as this is essential in ensuring the effectiveness of crime-fighting initiatives and maintaining public safety; and commends the SAPS for their diligence, professionalism and effective operation leading to this successful bust.

Agreed to.

23. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes with approval the City of Cape Town's achievement in being named the national winner of the WWF's 2024 One Planet City Challenge; further notes that this competition rewards cities for their efforts in both mitigation and adaptation to the effects of climate change, and that the jury for the competition found that the City of Cape Town had achieved a striking balance between adaptation and mitigation efforts, which have been integrated with the UN's strategic development goals across all departments; and lastly notes that it is future-oriented and innovative governance that makes such an achievement possible.

Agreed to.

24. Mr D J Wessels moved without notice: That the House notes that the City of Cape Town's Human Settlement Directorate held an open day for community members to discuss plans for a new social housing project in the Lansdowne area; notes that the proposed affordable housing development will yield approximately 308 social housing opportunities for qualifying beneficiaries; further notes that the City's actions seek to make affordable housing projects more feasible for private sector partners by offering developmental packaging, land discounts and leveraging municipal land to make projects more viable for private sector partners; and notes that, over the past year, through the Accelerated Land Release Programme the City has been making significant interventions in the market with an estimated 10 000 units underway.

Agreed to.

25. Mr D J Wessels moved without notice: That the House notes that on Tuesday 27 August 2024 the provincial Minister of Infrastructure handed over the first batch of houses at the Railton Housing Project in Swellendam; and further notes that this catalytic project is set to deliver a total of 950 housing units that provide much-needed homes to the residents of Swellendam.

Agreed to.

26. Mr D W Bryant moved without notice: That the House notes the Premier and Minister Bredell's engagements with the new municipal management in Beaufort West and Laingsburg to address key issues and to ensure sustainable governance to improve service delivery.

Agreed to.

27. [17:35] The Speaker made a general comment regarding the application of the Rule as to their form and substance of motions without notice.
28. The House adjourned at 17:40.

ROMEO ADAMS  
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

## VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE

# PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 5 SEPTEMBER 2024

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Adjunkspeaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:16] Die Adjunkspeaker maak 'n algemene aankondiging oor die logistieke reëlings vir die sitting wat plaasvind.
4. [14:17] Die Hoofswep van die Meerderheidsparty (mnr G Bosman) stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.  
Goedgekeur.
5. [14:18] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb N D Nkondlo:  
Die geleentheidskoste wat met die afskeep van die informele sektor verband hou, vir die verwerkliking van inklusiewe groei en welvaart vir almal.  
Debat afgesluit.
6. [15:17] Interpellasie.
7. [15:34] Vrae.
8. [16:37] Verklarings deur Lede.
9. [17:01] Reaksie op verklarings deur Lede deur mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en mnr D J Maynier, Minister van Onderwys.
10. [17:06] Voorstelle met kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 151*).  
Die Speaker doen 'n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.
11. [17:07] Voorstelle sonder kennisgewing (*ooreenkomstig Staande Reël 150*).
12. Mnr D W Jacobs stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse Paralimpiese span wat tans aan die Paralimpiese Spele deelneem, gelukwens; kennis neem dat hul harde werk, vasberadenheid en veerkrachtigheid ondanks teëspoed werklik

inspirerend is; en hulle aanmoedig om aan te hou uitblink en om die wêreld te wys hoe werklike krag en deursettingsvermoë lyk.

Goedgekeur.

13. Mnr F C Christians stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met Marinet Janse van Rensburg ná die dood van haar seun Marlo Janse van Rensburg; kennis neem dat Marlo in April 2024 oorlede is, 11 maande nadat ontdek is dat hy aan kanker ly; kennis neem dat Marlo sy 6e verjaardag op 13 Augustus vanjaar sou gevier het; kennis neem dat hy aan embrionale sarkoom gely het, 'n soort kanker wat voor geboorte in die skelet ontwikkel; kennis neem dat Marinet, tragies genoeg, met borskanker gediagnoseer is kort ná die diagnose van Marlo; kennis neem dat dit 'n stryd was wat sy en haar seun in albei hul liggame teen die siekte gevoer het; kennis neem dat die goeie nuus wat uit hierdie tragedie kom, is dat Marinet ná haar behandeling kankervry is; en God dank vir haar remissie en Marinet verseker dat sy ná haar tragiese verlies in ons gedagtes en gebede is.

Goedgekeur.

14. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Elizabeth van der Heyden, liefdevol bekend as Ma Betty; verder kennis neem dat Ma Betty 'n merkwaardige figuur in ons stryd om vryheid en geregtigheid was, omdat sy die enigste vroulike politieke gevangene was wat 'n volle tronkstraf van 10 jaar uitgedien het; kennis neem dat sy die laaste oorlewende lid van die Cape Peninsula Students Union was wat skouer aan skouer gestaan het saam met roemryke kamerade soos Neville Alexander, Frank van der Horst en Dulcie September; haar merkwaardige lewe vier wat gekenmerk is deur haar bydraes en opofferings in die stryd teen apartheid, wat die hoogste erkenning verdien en in die annale van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangeteken behoort te wees; erkenning gee dat haar dood, net dae voor haar 89e verjaardag, die einde van Vrouemaand op 'n somber noot inlui; en innige meegevoel betuig met haar familie, geliefdes en die gemeenskap wat sy gekoester het.

Goedgekeur.

15. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van professor Brian O'Connell, 'n vooraanstaande akademikus, 'n revolusionêre intellektueel, 'n gemeenskapsleier en aktivis wie se bydraes beide die Wes-Kaap en ons nasie ten diepste gevorm het; verder kennis neem dat professor O'Connell se nalatenskap een is van onwrikbare verbintenis tot onderwys en gemeenskapsdiens; kennis neem dat sy merkwaardige bydraes insluit sy leierskap as Rektor van die Skiereiland-technikon – later bekend as die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT) – sy deurslaggewende rol as Direkteur-generaal van Onderwys in die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, en sy ampstermyn as Rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland van 2001 tot 2014 wat 'n groot impak gemaak het; erkenning gee dat elkeen van hierdie rolle sy toewyding uitbeeld om ons opvoedkundige landskap te bevorder en sy diepgaande invloed op die vorming van die akademiese en gemeenskapsinstellings wat hy gedien het; innige meegevoel betuig met sy familie, vriende en die baie gemeenskappe wat hy deur sy lewe aangeraak het; en sy bydraes vier en sy nalatenskap van intellektuele strengheid, gemeenskapsbetrokkenheid en visioenêre leierskap wat sal voortgaan om toekomstige generasies te inspireer, vereer.

Goedgekeur.

16. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Eerste XV-rugbyspan van Paul Roos-gimnasium gelukwens omdat hulle nie net bo-aan die Suid-Afrikaanse skolerugbytabel verskyn nie, maar dit ook onoorwonne behaal het, met 'n uitstekende rekord van 15–0; die spelers wat betrokke was om hierdie pragtige uitslag te behaal, sowel as die skool se afrigting- en ondersteuningspersoneel, gelukwens; en kennis neem dat al die betrokkenes, hetsy op of van die veld af, die Wes-Kaap op die hoogste standaard verteenwoordig het en met reg trots kan wees op hul prestasie.

Goedgekeur.

17. Mnr T C R Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Kaapstadse Stadsballet (“Cape Town City Ballet” of CTCB) gelukwens met sy 90e bestaansjaar, wat einde verlede maand gevier is; kennis neem dat die CTCB die suidelike halfmond se oudste balletgeselskap is en oor die jare heen 'n skitterende reputasie opgebou het as 'n kragtige internasionale groep wat die evolusie van hul kunsvorm ondersteun; kennis neem dat die geselskap hierbenewens ook gewerk het om die talent van Suid-Afrikaanse choreografe en kunstenaars te ontwikkel, wat 'n noodsaaklike platform geskep het vir Suid-Afrika se beste talent om hul weg na die wêreldtoneel van topvlakballet te baan; en die CTCB gelukwens en alle voorspoed toewens vir die volgende 90 jaar.

Goedgekeur.

18. Me R Windvogel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem van die sekuriteitswagte in diens van Golden Security Services se onlangse protesoptrede by die Groote Schuur-hospitaal en die Heideveld-daghospitaal, wat deur 'n voortgesette salarisbetalingsdispuut veroorsaak is; verder kennis neem dat hierdie protesaksies die lewens van beide pasiënte en werkers in gevaar gestel het, en die probleme waarmee hospitaalpersoneel te kampe het, vererger en aansienlike ongerief veroorsaak het vir die gladde funksionering van hierdie kritieke gesondheidsorgfasiliteite; 'n beroep op die Departement van Gesondheid en Welstand doen om hierdie kwessies onmiddellik as 'n saak van dringendheid te ondersoek aangesien dit moreel onaanvaarbaar is om arbeid op hierdie wyse uit te buit, en dat dit is noodsaaklik is dat die Departement toesien dat al sy verskaffers etiese arbeidspraktyke handhaaf; verder 'n beroep op die Departement doen om beslissend in te gryp om die geraakte veiligheidswagte by te staan, om aandag aan hul griewe te skenk en om toe te sien dat Golden Security Services enige tekortkominge in hul betaalpraktyke regstel; en die provinsiale regering versoek om die Golden Security Services-maatskappy aanspreeklik te hou vir sy versuim om sy kontraktuele en wetlike verpligtinge teenoor sy werknemers na te kom en toepaslike stappe te doen om toe te sien dat al sy verskaffers aan alle tersaaklike arbeidswette en -regulasies voldoen.

Goedgekeur.

19. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem van die onlangse finansiële en bedryfskrisis wat Mineral Sands Resources (MSR), wat die Tormin-myn aan die Weskus besit, die hoof moes bied, wat het tot 'n ernstige kontantvloeytekort gelei met die gevolglike laat betaling van werknemers se salarisse vir Augustus en die ingevaarstelling van die myn se toekoms; verder kennis neem van die ernstige impak wat hierdie krisis op die lewensbestaan van die werknemers van die Tormin-myn gehad het, aangesien die onvermoë om salarisse te betaal nie net die finansiële stabiliteit van werkers raak nie, maar ook die ekonomiese swaarkry wat hul gesinne in die gesig staar, vererger; 'n beroep doen vir 'n spoedige oplossing vir die finansiële probleme by die Tormin-myn, aangesien dit noodsaaklik is dat sakereddingspraktisyns en die bestuur vinnig werk om die maatskappy se finansiële situasie te stabiliseer ten einde toe te sien dat



agterstallige salarisse stiptelik betaal word en om normale bedrywighe so gou moontlik te hervat; en, in die lig van die erns van die saak en die moontlikheid dat dit baie werkgeleenthede en die plaaslike ekonomie kan beïnvloed, 'n beroep op die drie regeringsfere doen om in te gryp en die sakereddingsproses te ondersteun, en om strategiese leiding te verskaf om die maatskappy te help om sy krisis te hanteer terwyl werkgeleenthede beskerm word en die voortgesette bedryf van die myn verseker word.

Goedgekeur.

20. Me N D Nkondlo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met waardering kennis neem van die onlangse verbetering in die Sakevertroue-indeks, wat in die derde kwartaal van 2024 met drie punte tot 38 gestyg het, wat die hoogste sakevertrouevlak sedert die vierde kwartaal van 2022 is; verder kennis neem van en hierdie positiewe ontwikkeling verwelkom as 'n teken van die verbetering van saketoestande en beleggeroptimisme in Suid-Afrika; en hom daartoe verbind om met sakeondernemings en beleidmakers saam te werk om toe te sien dat die winste in sakevertroue neerslag vind in tasbare ekonomiese voordele vir alle sektore van die ekonomie.

Goedgekeur.

21. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die onlangse verwickeling verwelkom toe die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) suksesvol beslag gelê het op 400 bakstene kokaiën ter waarde van R252 miljoen by twee verdagtes in Stilbaai, en die verdagtes ná 'n hoëspoedjaagtog en 'n gedetailleerde ondersoek in hegtenis geneem het; verder kennis neem dat die vinnige reaksie van die Stilbaai-beamptes, insluitende die agtervolging en aankeer van die verdagtes en die beslaglegging op so 'n groot hoeveelheid onwettige dwelms, prysenswaardige dapperheid en doeltreffendheid toon, wat 'n beduidende terugslag vir die dwelmhandel is en die vermoëns van ons SAPD-beamptes beklemtoon; erkenning gee aan die noodsaaklike rol van gemeenskapsondersteuning ter ondersteuning van die SAPD se pogings en voortgesette openbare waaksaamheid en samewerking met polisie-operasies aanmoedig, aangesien dit noodsaaklik is vir die versekering van die doeltreffendheid van misdaadbekampingsinisiatiewe en vir die handhawing van openbare veiligheid; en die SAPD aanprys vir hul ywer, professionaliteit en 'n doeltreffende operasie wat tot hierdie suksesvolle klopjag gelei het.

Goedgekeur.

22. Mnr D Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met goedkeuring kennis neem van die Stad Kaapstad se prestasie om as die nasionale wenner van die WWF se "2024 One Planet City Challenge" aangewys te word; verder kennis neem dat hierdie kompetisie stede beloon vir hul pogings in beide die verkleining van en die aanpassing by die gevolge van klimaatsverandering, en dat die jurie van die kompetisie bevind het dat die Stad Kaapstad 'n goeie balans tussen aanpassings- en verminderingspogings behaal het, wat met die VN se strategiese ontwikkelingsdoelwitte in al sy departemente geïntegreer is; en laastens kennis neem dat dit toekomstgerigte en innoverende bestuur is wat so 'n prestasie moontlik maak.

Goedgekeur.

23. Mnr D J Wessels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Stad Kaapstad se Direkoraat Menslike Nedersettings 'n opedag vir gemeenskapslede gehou het om planne vir 'n nuwe maatskaplike behuisingsprojek in die Lansdowne-omgewing te bespreek; kennis neem dat die voorgestelde bekostigbare behuisingsontwikkeling ongeveer

308 maatskaplike behuisingsgeleenthede vir kwalifiserende begunstigdes sal lewer; verder kennis neem dat die Stad se optrede ten doel het om bekostigbare behuisingsprojekte meer haalbaar vir vennote in die privaat sektor te maak deur ontwikkelingsverpakking, afslag op grond en munisipale grond as hefboom aan te bied; en kennis neem dat die Stad oor die afgelope jaar deur die Versneldegrondvrystellingsprogram (“Accelerated Land Release Programme”) betekenisvolle ingrypings in die mark gemaak het met ’n geraamde 10 000 eenhede wat binnekort beskikbaar word.

Goedgekeur.

24. Mnr D J Wessels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die provinsiale Minister van Infrastruktuur op Dinsdag 27 Augustus 2024 die eerste groep huise by die Railton-behuisingsprojek in Swellendam oorhandig het; en verder kennis neem dat hierdie katalitiese projek ’n totaal van 950 wooneenhede sal lewer wat broodnodige huise aan die inwoners van Swellendam sal verskaf.

Goedgekeur.

25. Mnr D Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die Premier en Minister Bredell se skakelings met die nuwe munisipale bestuur van Beaufort-Wes en Laingsburg om aandag te skenk aan sleutelkwessies en om volhoubare bestuurstoesig te verseker ten einde dienslewering te verbeter.

Goedgekeur.

26. Mnr D Wessels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat die Stad Kaapstad begin het met die bou van stormwaterinfrastruktuur langs Japhta K Masemolaweg tussen Baden Powellrylaan en Nyandalaan; kennis neem dat die uitlaat van die bestaande stormwaterdreineringsstelsel tans geblokkeer word as gevolg van die totstandkoming van die Island- informele nedersetting, wat die oorstroming van die pad by die laagte punt van Japhta K Masemolaweg veroorsaak wanneer dit reën; en kennis neem dat die installering van die nuwe stormwaterinfrastruktuur die risiko van die oorstroming van Japhta K Masemolaweg sal verklein, en sodoende die langdurigheid van die Stad se padnetwerk sal verleng en die veiligheid van alle padgebruikers sal verbeter.

Goedgekeur.

27. [17:35] Die Speaker het ’n algemene opmerking gemaak oor die toepassing van die Reël met betrekking tot die vorm en inhoud van voorstelle sonder kennisgewing.
28. Die Huis verdaag om 17:40.

ROMEO ADAMS  
Sekretaris van die Provinsiale Parlement